
As it is in
Heaven
LIEFDE VERANDER ALLES
PINKSTER 2019


Hoe leef 'n mens dan Heilig?

7 Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde
kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van
God en ken God. 8 Wie nie liefhet nie, het geen
kennis van God nie, want God is liefde. 9 Hiérin is
God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun
het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur
Hom die lewe kan hê.

1 Johannes 4:7-21

10 Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir
God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons
bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir
ons sondes. 11 Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde
aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief
te hê. 12 Niemand het God nog ooit gesien nie,
maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het
sy liefde in ons sy doel volkome bereik.

1 Johannes 4:7-21

13 Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in
ons: Hy het ons sy Gees gegee. 14 En ons het
gesien en is getuie daarvan dat die Vader die
Seun as Redder van die wêreld gestuur het. 15 Wie
bely dat Jesus die Seun van God is — God bly in
hom en hy in God. 16 En ons ken die liefde wat God
vir ons het, en ons glo daarin.

1 Johannes 4:7-21

God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en
God bly in hom. 17 Hiérin het die liefde sy doel
volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir
die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe
ons reeds deur die liefde net soos Jesus. 18 Waar
liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte
liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en
wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.

1 JOHANNES 4:7-21

19 Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.
20 As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy
broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy
kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God
liefhê, wat hy nie kan sien nie. 21 En hierdie gebod
het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet
ook sy broer liefhê.

1 Johannes 4:7-21

34Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet
mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet
julle mekaar ook liefhê. 35As julle mekaar
liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van
My is."

JOHANNES 13:34-35

11 “Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle
kan wees en julle blydskap volkome kan wees.
12 Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos
Ek julle liefhet. 13 Niemand het groter liefde as dit
nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. 14 Julle is
my vriende as julle doen wat Ek julle beveel.

Johannes 15:11-14c


8 Julle moet niemand iets verskuldig wees
nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie
sy medemens liefhet, voer die hele wet
van God uit.
Romeine 13:8

Weskerk

waar elkeen SY kerk is


As it is in
Heaven
LIEFDE VERANDER ALLES
Pinkster 2019